

SAFIRE ASSIST



SINCE
87

Reg No: 2000/027673/06
'n Gemagtigde Finansiële Diensteverkaffer [FDV No: 2092]

WELKOM BY SAFIRE SE NOODBYSTANDSPROGRAM.

SAFIRE BIED VOLKOME GEMOEDSRUS IN GEVAL VAN NOOD, 24 UUR PER DAG.

Skakel 0861 723 473

(0861 SAFIRE)

Indien die Telkomverbinding verbreek is, skakel asseblief 071 882 9173 vir noodbystand.



Fair and fast

No call centres

Access to decision makers

Proven track record

Expert advice

**24
HOUR
Assist
Helpline**

SAFIRE ASSIST

INLEIDING

WELKOM BY DIE SAFIRE NOODBYSTANDSPROGRAM.

Inleiding	Ons bied ons polishouers volle gemoedsrus in gevalle van pad, mediese of tuis noodgevalle, 24 uur per dag!
Wie om te kontak	<p>0861 723 473 (0861 SAFIRE)</p> <p>In geval van 'n noodgeval, kontak asseblief 0861 723 473 (0861 SAFIRE) telefonies.</p> <p>In die onwaarskynlike geval dat die landlyn nie beskikbaar is nie, kontak asseblief 071 882 9173 .</p> <p>Alternatiewelik kan toegang tot die nooddienste deur die Safire mobiele toep ('app') verkry word.</p>
B's en V's	<p>Algemene bepalinge en voorwaardes</p> <ol style="list-style-type: none"> Die Safire Assist dienste wat deur die oproepsentrum of op die Safire Assist mobiele toep verskaf word, is 'n toegevoegde waarde dienste. Safire maak staat op derde partye wie die dienste verskaf, welke derde partye nie direk onder Safire se toesig en mag val nie. Om hierdie rede waarborg Safire nie dat die dienste beskikbaar sal wees of te alle tye effektief sal funksioneer nie. Safire aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verlies of skade wat voortspruit uit die gebruik van die dienste, die onbesikbaarheid van die dienste of wat voortspruit uit enige ander oorsaak hoegenaamd nie. Dienste sal slegs aan aktiewe Safire polishouers verskaf word, en wel soos volg: <ol style="list-style-type: none"> Toegang tot Padbystand Polishouers met sedans of ligte afleweringvoertuie (LAV) wat onder die Motor Afdeling verseker is. Mediese toegang Alle Safire polishouers. Toegang tot Tuisbystand Polishouers met Huiseienaars en/of Huisbewoners dekking. Alle voordele is onderhewig aan die bepalinge en voorwaardes soos vervat in die polisbewoording en polisskedule. Alle dienste moet deur die Safire Assist inbelsentrum goedgekeur, gereël en bestuur word. Enige onkoste deur die polishouer aangegaan sonder vooraf goedkeuring deur die inbelsentrum, is nie verhaalbaar nie, tensy spesifiek deur ons ooreengekom.
BTW	<p>Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)</p> <p>Alle gekwoteerde bedrae sluit BTW in.</p>

AFDELING 01

PADBYSTAND

1.1

NIE-ONGELUK NOODGEVALLE

<p>Padpatrollies</p>	<p>1. Padpatrollies</p> <p>A) Hierdie hou verband met minder-ernstige meganiese probleme waar dit redelik eenvoudig is om die voertuig weer aan die gang te kry. Die doelwit is om jou so spoedig moontlik weer terug op die pad te kry.</p> <p>B) Dienste sluit die volgende in:</p> <ul style="list-style-type: none"> a) omruil van 'n pap band; b) brandstofbystand (beperk tot twee voorvalle per jaar); c) pap battery ('jump start' gedek vir uitroep en eerste uur arbeid. Die koste van 'n battery- vervanging is vir jou eie rekening); d) Hys / uittrek bystand (voertuie binne 50m van geteerde pad of hoofweg) e) kleiner herstelwerk wat met onklaarraking verband hou. Dit sluit spoele, sekerings, immobiliseerders en beperkte bystand vir waaiergordels in. <p>C) Hierdie dienste :</p> <ul style="list-style-type: none"> a) word nasionaal verskaf en sluit Lesotho en eSwatini in; b) is beperk tot 70km heen-en-weer reis , daarna sal diensverskaffer tariewe per uur gehef word. c) sluit die koste van enige onderdele uit, dit is vir jou eie rekening.
<p>Slotmaker diens</p>	<p>2. Slotmaker diens</p> <p>A) Indien sleutels in jou voertuig toegesluit word en die padpatroolie nie instaat is om die voertuig oop te maak nie, sal 'n goedgekeurde slotmaker deur die inbelsentrum aangestel word om die voertuig oop te kry.</p> <p>B) Hierdie diens sluit die uitroep en eerste uur arbeid in, en is gedek tot en met 60 km retoer .</p> <p>C) Die herstelkoste, vervanging van enige slot of slotmeganisme, of die sny van sleutels, is uitgesluit.</p>
<p>Meganiese & elektriese onklaarraking</p>	<p>3. Insleep na meganiese en elektriese onklaarraking</p> <p>A) Indien jou voertuig nie langs die pad herstel kan word nie en gesleep moet word. Die primêre doelwit is om jou voertuig na die naaste handelaar (indien onder waarborg) of na die naaste Safire-goedgekeurde hersteller in te sleep.</p> <p>B) Hierdie diens is beperk tot 70 km retoer . Daarna sal 'n heffing per kilometre betaalbaar wees vir jou rekening.</p>
<p>Motorhuur</p>	<p>4. Motorhuur</p> <p>A) In die geval waar die voertuig onklaar geraak het meer as 100km van jou huis, die inbelsentrum 'n reëling maak en betaal vir 24 uur, groep-B (eg Ford Fiesta, VW Polo TSI, Toyota Corolla Quest of iets soortgelyks) motorhuur om jou in staat te stel om jou reis te voltooi of om by die huis te kom.</p> <p>B) Die diens is onderworpe aan beskikbaarheid en die bestuurder moet 'n kredietkaart en bestuurslisensie besit.</p> <p>C) Hierdie diens sluit die daaglikse huurfoo, onbeperkte kilometers, versekeringsfoo en aflewering / afhaal foo van die voertuig tot 25km in.</p> <p>D) Brandstofkoste is vir jou eie rekening.</p>
<p>Oornag akkommodasie</p>	<p>5. Oornag akkommodasie</p> <p>In plaas van die motorhuur opsie soos in 4. Motorhuur hierbo uiteengesit, kan reëlings vir oornag akkommodasie vir die bestuurder gemaak word.</p>

Voertuig repatriasie	<p>6. Voertuig repatriasie</p> <p>A) Indien jy die motorhuur opsie in 4. Motorhuur hierbo sou kies, en met jou reis voortgaan terwyl die voertuig herstel word, sal ons ook tot die koste bydra om jou met 'n groep B gehuurde motor te voorsien om die voertuig af te haal nadat die herstel afgehandel is.</p> <p>B) Alternatiewelik kan 'n vliegkaartjie gereël word.</p> <p>C) Die diens sluit die daaglikse huurfooie, onbepaalde kilometers, versekeringsfooie en aflewering / afhaal fooie van die voertuig tot 25km in.</p> <p>D) Brandstofkoste is vir jou eie rekening.</p>
Boodskap oordrag diens	<p>7. Boodskap oordrag diens</p> <p>In geval van meganiese en elektriese onklaarraking of 'n ongeluk, sal die inbelsentrum, op versoek, dringende boodskappe aan vriende, kollegas of familielede oordra, ten einde hulle van jou omstandighede in te lig.</p>
Berging	<p>8. Berging</p> <p>A) Indien nodig, sal reëlings getref word vir die veilige berging van die voertuig oornag of oor naweke (insluitend publieke vakansiedae), beperk tot 'n maksimum van 4 dae.</p> <p>B) Op die daaropvolgende werksdag sal die voertuig na die naaste goedgekeurde handelaar of hersteller vervoer word.</p> <p>C) Die koste van die tweede sleep sal vir jou rekening wees, mits anders in jou Safire polis vermeld word.</p>
Mobiele kennisgewingsdiens	<p>9. Mobiele kennisgewingsdiens</p> <p>A) Die volgende besonderhede sal na die aanmelding van jou saak na jou mobiele telefoon gestuur word:</p> <ol style="list-style-type: none"> naam van die persoon wat jou saak hanteer; verwysingsnommer; indien daar 'n skofruiling plaasvind, die besonderhede van die nuwe saak-hanteerder. <p>B) Sodra 'n diensverskaffer aangestel is, sal dié se besonderhede tesame met die verwagte aankomstyd, gestuur word</p> <p>C) Indien enige veranderinge aan jou saak gemaak word, (bv. nuwe diensverskaffer, bykomende versoeke) sal hierdie aan jou gekommunikeer word.</p>

1.2

ONGELUKKE

Die insleep van jou voertuig ná 'n **ongeluk**.

Omvattende dekking	<p>1. Voertuie wat omvattend verseker is</p> <p>A) Indien jou voertuig, in terme van jou Safire polis, omvattend verseker is en die voertuig word in 'n ongeluk beskadig, moet insleepdienste deur die Safire Assist inbelsentrum of via die Safire Mobiele toep gereël word.</p> <p>B) Die inbelsentrum sal reëlings tref om die voertuig te sleep na die naaste Safire goedgekeurde hersteller vanaf die ongeluks toneel.</p>
Nie-omvattende dekking	<p>2. Voertuie wat nie omvattend verseker is nie</p> <p>A) Indien jou voertuig, in terme van jou Safire polis, nie omvattend verseker is en die voertuig word in 'n ongeluk beskadig, sal die inbelsentrum reëlings tref om die voertuig te sleep na die naaste Safire goedgekeurde hersteller vanaf die ongeluks toneel.</p> <p>B) Die koste vir die eerste 60km retoer is ingesluit (vanaf aanvang van insleepvoertuig se reis). Daarna sal 'n heffing per kilometer betaalbaar wees vir jou eie rekening.</p>

1.3

PADBYSTAND: BEPALINGS EN VOORWAARDES

B's & V's

1. Bepalings en voorwaardes

- A) Dienste sal slegs aan jou gelewer word vir jou versekerde voertuie.
- B) Battery vervangingskote is vir jou rekening (diens net in Suid-Afrika beskikbaar)
- C) Padbystanddienste is slegs beskikbaar ingeval van onklaarraking of ongeluk in die Republiek van Suid-Afrika, Lesotho of eSwatini.
- D) In geval van meganiese of elektriese onklaarraking sal die voertuig na die naaste handelaar of Safire goedgekeurde hersteller aan die toneel, gesleep word, tensy andersins deur die versekerde versoek.
- E) Dekking is slegs uitgebrei vir die insleep van een voertuig, en sluit sleepwaens, bote en karavane uit. Meervoudige insleep (bv waar jy die behoefte het om 'n sleepwa, boot of karavaan te laat insleep) sal vir jou rekening wees. Tweede inslepe is ook vir jou rekening.
- F) Jy sal slegs op die motorhuur en oornag akkommodasie voordele geregtig wees, indien jou voertuig deur 'n diensverskaffer gesleep is wat deur die amptelike inbelsentrum aangestel is en jy is meer as 100 km weg van jou permanente woonplek / kantoor.
- G) Alle dienste moet eers gemagtig word, gereël en bestuur word deur die inbelsentrum. Enige koste aangegaan deur reëlings wat gemaak is deur die lid sonder enige magtiging vanaf die inbelsentrum sal buite die perke val van die voordeel aanspraak.
- H) Die lid sal aanspreeklik wees vir die kostes indien daar geen ander manier is om toegang te kry tot die voertuig as om die voertuig se venster of ruit te breek om die voertuig te sleep.
- I) **'n Ongeluk sluit die volgende in:**
 - a) Skade aan een of meer panele as gevolg van botsing met 'n ander voertuig of voorwerp;
 - b) In gevalle waar die enjin aan die brand slaan of impak met 'n slagget, randsteen of sypaadjie wat skade aan die vering, bande of onderstel tot gevolg het (nie noodwendig skade aan panele nie);

en waar dit aan ons duidelik is dat die skade deur 'n versekerde gebeurtenis, soos omskryf in jou Safire polis, veroorsaak is.
- J) Die voertuig sal slegs ingesleep word indien die skade dit onbestuurbaar laat.
- K) In die geval van 'n ongeluk, sal die voertuig gesleep word na die naaste Safire goedgekeurde paneelklopper vanaf die ongeluks toneel.

Uitsluitings

2. Uitsluitings

- A) Jy sal nie op 'n diens geregtig wees indien:
 - a) die voertuig nie padwaardig is nie;
 - b) die voertuig 'n bruto massa van meer as 3.5 ton het nie;
 - c) die voertuig 'n taxi, limousine, ontspanningsvoertuig of voertuig wat gesleep word, of die fout met 'n sleepwa, boot sleepwa of karavaan;
 - d) veiligheidinspeksie plakker(s), nommerplaatplakker(s), en/of emissieplakker(s) verval het, waar sulke plakkers deur die wet vereis word;
 - e) die voertuig vasgesneeu is in ongeploeg area soos sneeubanke, vasgesneeude rybane of sypaadjies;
 - f) sleepwerk word deur 'n wetstoepassende beampte as gevolg van verkeersbelemmering, skut, verlating, onwettige parkering of ander wetlike oortredings;
 - g) die noodgeval is as gevolg van die gebruik van dronkmakende of verdowingsmiddels, of die gebruik van die voertuig om misdaad te pleeg;
 - h) skade of gestrand weens vloede, brand en vandalisme;
 - i) dienste aan 'n voertuig wat nie in 'n veilige toestand is om te sleep of dienste wat kan lei tot skade aan die voertuig as hy gesleep word;
 - j) Sleep met die doel om te verwyder (b.v. bergingsfasiliteit);
 - k) herhaalde dienste oproepe of voertuig wat onderhoud of herstel wat benodig is;
 - l) die voertuig reeds by 'n hersteller is nie.

Nie verhaalbaar**3. Nie verhaalbaar / nie betaalbaar**

- A) Die volgende kostes is nie van ons verhaalbaar / deur ons betaalbaar nie:
- a) arbeid, oortyd, selfoonkoste, tolgelde, uitroepkoste, naweek heffings, bergingsonkoste, herwiningskoste en die koste van onderdele;
 - b) enige koste met verband tot demontuur / montuur van 'n dryfas;
 - c) herstelkoste;
 - d) fooie vir bystand deur 'n private persoon gelewer;
 - e) fooie vir bystand benodig as gevolg van jou deelname aan 'n gemotoriseerde sportgebeurtenis;
 - f) brandstofkoste.

AFDELING 02

MEDIESE TOEGANG

2.1

MEDIESE TOEGANG DIENSTE

Dienste**1. Dienste**

Die dienste sluit die volgende in:

- A) 24 uur telefoniese noodadvies en inligting.
- B) Verwysings na mediese praktisyne en fasiliteite.
- C) Kommunikasie met naasbestaendes ten einde hulle op datum te hou.
- D) Byvoeglik tot die algemene mediese adviesdiens, sal mediese operateurs 'n persoon deur 'n mediese krisis-situasie, waarby jy betrokke is, lei.
- E) Jy kan noodadvies ontvang, of die nodige ondersteuning gereël kry, deur van die 24 uur 'Contact Centre' gebruik te maak.
- F) Verwysings na krisis-lyne in gevalle van:
 - a) vergiftiging (Vergiftigingslyn);
 - b) selfdood (Life Line);
 - c) verkragting en HIV berading;
 - d) gesins- en huishoudelike mishandeling;
 - e) kindermishandeling;
 - f) rou-berading.

Uitsluitings**2. Uitsluitings**

Die volgende is uitgesluit en is vir jou eie rekening of dié van jou mediese fonds:

- a) nood mediese respons na 'n ongelukstoneel;
- b) nood mediese vervoer na die naaste toepaslike mediese fasiliteit;
- c) werklike mediese onkoste aangegaan;
- d) mediese noodgevallen buite die grense van die RSA.

AFDELING 03

TUISBYSTAND

3.1

TUISNOOD

Intensie	<p>1. Intensie van die dienste</p> <p>A) Ons Tuisbystandsprogram verskaf bystand tydens 'n tuisnoodsituasie.</p> <p>B) 'n Tuisnoodsituasie beteken enige skielike, onverwagte en / of onvoorsiene gebeurtenis by die versekerde adres wat onmiddellike en / of dringende dienste van 'n ambagsman benodig ten einde die skade te beperk of verdere skade te voorkom.</p> <p>C) Hierdie voordeel is tot noodgevalle tuis beperk, en is slegs van toepassing op persele, binne die Republiek van Suid-Afrika, wat volgens jou Safire polis verseker is en in die skedule genoteer is.</p>
Nood kennisgewing	<p>2. Nooddies kennisgewing en uitroep</p> <p>Op jou versoek, sal ons inbelsentrum 'n nood-boodskap aan die polisie, verkeersowerhede, brandweer, ambulans, sekuriteitsdienste of enige ander nood-diensverskaffer, oordra.</p>
Mobile notification services	<p>3. Mobiele kennisgewingsdiens</p> <p>A) Die volgende besonderhede sal na die aanmelding van jou saak na jou mobiele telefoon gestuur word:</p> <p>a) naam van die persoon wat jou saak hanteer;</p> <p>b) verwysingsnommer;</p> <p>c) indien daar 'n skofruiling plaasvind, die besonderhede van die nuwe saak-hanteerder.</p> <p>B) Sodra 'n diensverskaffer aangestel is, sal dié se besonderhede tesame met die verwagte aankomstyd, gestuur word</p> <p>C) Indien enige veranderinge aan jou saak gemaak word, (bv. nuwe diensverskaffer, bykomende versoeke) sal hierdie aan jou gekommunikeer word.</p>

3.2

TUISBYSTAND DIENSTE

Byeboere en plaagbeheer	<p>1. Byeboere en plaagbeheer</p> <p>A) Die voordeel sluit die uitroep en eerste uur arbeid in, en sal slegs gedurende normale besigheidsure verskaf word.</p> <p>B) Verwydering van boorwerwer, grasdakluise, stofmyte, kakkerlakke, vlooie, vismotte, miere, bosluise, weeluis en knaagdiere in ingesluit in die voordeel.</p>
Glaswerke	<p>2. Glaswerke</p> <p>A) Bystand sal verleen word vir die professionele vervanging van gebreekte of gekraakte vensterpaneel wat toegang tot jou woning tot gevolg kan veroorsaak.</p> <p>B) Die voordeel sluit die uitroep en eerste uur arbeid in.</p> <p>C) Materiaalkoste (bv glas) is vir jou eie rekening.</p>

Elektrisiëns	<p>3. Elektrisiëns</p> <p>A) In die geval waar die volgende omstandighede 100% kragonderbreking veroorsaak sal ons vir jou bystand verleen:</p> <ul style="list-style-type: none"> a) distribusieborde, stroombane of hoofkabels; b) aardlekkasie-wisselaars; c) Geiser konneksies en elemente; d) kragpunte; e) ligkoppelings of skakelaars; f) weerligslag op bedrading; g) meervoudige gebrande konneksies op bedrading of kragpunte; h) konneksies na alle elektriese motors (bv elektriese hekmotors). <p>B) Die voordeel sluit die uitroep en eerste uur arbeid in.</p> <p>C) Die koste van die materiaal is vir jou eie rekening.</p> <p>D) Die volgende is uitgesluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> a) elektriese hekke en deure; b) jacuzzi-, swembad- en boorgatpompe; c) lugversorgers en kommersiële verkoeling; d) herstelwerk wat nie voldoen aan regulatoriese spesifikasies, soos bv SABS, nie ; e) alle elektriese motors (bv. elektriese hekmotor); f) onderbreking in die hoof elektrisiteitsvoorsiening na jou permanente woning.
Slotmaker	<p>4. Slotmaker dienste</p> <p>A) Bystand sal in die volgende omstandighede aan jou verleen word:</p> <ul style="list-style-type: none"> a) verlies van of skade aan sleutels na die hoofingang of –uitgang van jou woning (insluitend buitegeboue); b) indien 'n persoon per abuis in die woning, of in 'n kamer binne die woning, toegesluit is. <p>B) Die voordeel sluit die uitroep en eerste uur arbeid in.</p> <p>C) Die volgende is uitgesluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> a) huisinbraak (bystand sal verleen word, maar sal jy vir die onkoste aanspreeklik wees); b) motorhuisslotte en hangslotte; c) die oopmaak van enige kluse; d) vervanging van beskadigde slotte (bystand sal verleen word, maar op jou onkoste).
Loodgieters	<p>5. Loodgieters</p> <p>A) Bystand sal in die volgende omstandighede aan jou verleen word:</p> <ul style="list-style-type: none"> a) sigbare gebarste waterkonneksies en -pype; b) geblokeerde dreine, toilette, baddens en wasbakke wat verdere skade aan die gebou veroorsaak; c) nood Geiser-oorloop kleppe (Latco and drukverligtingskleppe), wat verlies aan warm water en drukverligtingsprobleme veroorsaak. <p>B) Die voordeel sluit die uitroep en eerste uur arbeid in.</p> <p>C) Die volgende is uitgesluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> a) jacuzzis en swembaddens; b) boorgate en boorgatpompe; c) lekkasie-opsporingssinspekteurs; d) herstelwerk wat nie voldoen aan regulatoriese spesifikasies, soos bv SABS, nie; e) lekkende krane / toilette; f) vervanging van 'n gebarste Geiser en septiese tenk; g) onderbreking in die hoof watervoorsiening na jou woning. <p>D) Geiser herstel of vervanging: Indien die diensverskaffer ten tyde van die eerste uitroep vasstel dat jou Geiser herstel of vervang moet word, sal die inbelsentrum reël dat die saak as 'n versekeringseis aangemeld word, en sal die proses in detail aan jou gekommunikeer word.</p>
Boomslopers	<p>6. Boomslopers</p> <p>Die voordeel sluit die uitroep en eerste uur arbeid in, en sal slegs gedurende normale besigheidsure verskaf word.</p>
Sekuriteitsbystand	<p>7. Sekuriteitsbystand</p> <p>A) In geval van 'n huisinbraak, sal ons sekuriteitsbystand en toegang tot bewakingsdienste verleen.</p> <p>B) Die onkoste in hierdie verband is vir jou eie rekening.</p>

3.3

TUISBYSTAND: BEPALINGS EN VOORWAARDES

B's & V's	<p>1. Bepalings en voorwaardes</p> <p>A) Algehele perk van drie insidente per jaar is van toepassing.</p> <p>B) Die voordeelperiode is een kalenderjaar en die voordeel akkumuleer nie, maar is 'n maksimum bedrag per jaar.</p> <p>C) Die uitroepfooi en eerste uur arbeid is ingesluit, maar die koste van onderdele, chemikalieë en addisionele arbeid is vir jou eie rekening.</p> <p>D) Indien die insident nie as 'n noodgeval, wat onmiddellike aandag vereis, geag word nie, sal ons 'n verwysing na enige spesifieke diensverskaffer voorsien, en sal alle koste vir jou eie rekening wees.</p> <p>E) 'n Herstelinsident word per kategorie oorweeg, bv indien 'n elektriese uitgeroep word om 'n distribusiebord sowel as 'n elektriese konneksie te herstel, word dit as een insident geag.</p>
Uitsluitings	<p>2. Uitsluitings</p> <p>A) Die volgende is uitgesluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> a) onderhoud van enige aard; b) vervanging van gloeilampe; c) verstellings aan termostate; d) vervanging van of herstel aan enige afstandbeheer of toegangsbeheer meganismes; e) slytasie.

AFDELING 04

SAFIRE MOBIELE TOEP ('APP')

Inleiding	<p>1. Inleiding</p> <p>Die opwindende en innoverende Safire mobiele toep sal jou Safire-ondervinding aansienlik aanvul. Deur jou toegang tot verskeie funksies, vanaf die gerief van jou mobiele telefoon, te gee, is jy nou instaat om meer beheer oor die bestuur van jou persoonlike korttermynversekering toe te pas.</p>
Aflaai	<p>2. Aflaai van die toep</p> <p>Die toep kan kosteloos van die betrokke Apple of Android 'app stores' afgelaai word. Soek vir Safire Assist, en volg dan die instruksies. 'n Gebruikersgids is beskikbaar op ons webwerf by www.safireinsurance.com.</p>
Funksionaliteit	<p>3. Funksionaliteit</p> <p>A) Die volgende funksies is met die druk van 'n knoppie beskikbaar:</p> <ul style="list-style-type: none"> a) sien polis inligting insluitend die nuutste items op dekking, versekerde waardes en premie; b) berging van persoonlike inligting vir toegang in 'n noodsituasie; c) paniek-knoppie: die inbelsentrum sal onmiddellike bystand reël; d) toegang tot alle noodbystanddienste (Padbystand, Mediese Toegang en Tuisbystand); e) eisekenningsgewing: aanhegting van foto's, skandeer derde party lisensieskyf en bestuurslisensie ens, ten einde die prosessering van jou eis te bespoedig; f) voertuig vooraf-inspeksies (aanhegting van foto's, skandeer lisensieskyf ens.)

Safire Assist word bestuur deur One Loyalty

One Loyalty handel namens hulle prinsipale en is nie verantwoordelik vir aksies of foute deur hulle of hulle agente nie. Alle kwotasies is onderhewig aan beskikbaarheid en mag verander. Let asseblief dat voordele nie saam met spesiale aanbiedinge, promosies, verkope of enige ander lojaliteitsprogram aangewend mag word nie. Voordele mag verander en is aan die geselekteerde produkte onderhewig. Die bepalinge en voorwaardes mag van vennoot tot vennoot verskil. Sover as wat One Loyalty se kennis strek, was die inhoud van hierdie dokument akkuraat ten tyde van publikasie. Foute en weglatings uitgesluit.